Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2013

# GESKIEDENIS V1 MEMORANDUM

**PUNTE:** **150**

Hierdie memorandum bestaan uit 19 bladsye.

## BRON-BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 **Die volgende vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:**

| VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V1)** | • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.<br>• Organiseer die inligting logies.<br>• Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| **VLAK 2 (V2)** | • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.<br>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.<br>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.<br>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.<br>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sieninge van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.<br>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities. |

1.2 **Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, redenasies, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet bepaal word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

## 2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.1 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY ʼn SPESIFIEKE SENTRUM GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY ʼn RIGLYN VIR NASIEN VAN ʼn SPESIFIEKE OPSTEL.**
- **BY DIE ASSESSERING VAN DIE OPE-END BRONGERIGTE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD**

**Globale assessering van uitgebreide skryfwerk**

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as ʼn geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ʼn individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ʼn argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs "feite" uit te spoeg om ʼn hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om "modelantwoorde" voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ʼn argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

**Assesseringsprosedures van uitgebreide skryfwerk**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ koeëlpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (ook aangedui met ŉ koeëlpunt), ŉ relevante slotopmerking (ook aangedui met ŉ koeëlpunt). By ŉ antwoord waar daar 5 hoofmomente is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- verkeerde stelling ________
- irrelevante stelling I I I I
- herhaling **R**
- analise **A** √
- interpretasie **I** √

3. Die Matriks

3.1 **Die gebruik van ŉ analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bladsy 5)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bladsy 5 moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

3.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en die inhoudsvlak (op die matriks) word toegeken.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

3.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

3.1.3 Ken ŉ finale punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | 30 – 33 |
| A | VLAK 5 | |

## GRAAD 11 RUBRIEK VIR UITGEBREIDE SKRYFWERK – TOTALE PUNT: 30

| AANBIEDING / INHOUD | **VLAK 7** Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerdeargument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig | **VLAK 6** Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun | **VLAK 5** Skrywe gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun | **VLAK 4** Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om te ondersteun. Oorspronklike slotsom bereik. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie | **VLAK 3** Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik as ondersteuning. Slotsom bereik op grond van getuienis. Skrywe gestruktureer. | **VLAK 2** Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend /gepoog om argument te ontwikkel. | **VLAK 1** Min sprake van analise en geskied-kundige verduide-liking. Antwoord glad nie gestruktureerd nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ***VLAK 7*** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/ argument wat | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| ***VLAK 6*** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is. | 43–46 | 40–42 | 39–39 | | | | |
| ***VLAK 5*** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 33–34 | | | |
| ***VLAK 4*** Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud/ irrelevante inhoudseleksie. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| ***VLAK 3*** Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| ***VLAK 2*** Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord | | | | | 20–23 | 18–19 | 15–17 |
| ***VLAK 1*** Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemal irrelevant | | | | | | 20 | 0–13 |

## VRAAG 1: WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE RUSSIESE REWOLUSIE VAN 1917?

1.1 1.1.1 *[Vlak 2: Verduidelik historiese konsepte]*

(a)
- ŉ Ekonomiese stelsel wat gebaseer is op private eienaarskap.
- Ekonomiese stelsel wat gebaseer is op die private versameling van rykdom. (1 x 2) (2)

(b)
- Diskriminasie van mense
- Stelsel waar geen vryhede toegelaat word nie
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Vlak 1: Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Hulle was onderdruk
- Hulle was verarm
- Ondraaglike werk was op hulle afgedwing
- Hulle is nie erken as mense nie
- Hulle is soos slawe behandel
- Hulle het geen menseregte gehad nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)

1.1.3 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Hulle menswaardigheid is ontken
- Hulle moes hul lot dra en swyg
- Onkunde en gebrek aan regte
- Behandel soos slawe
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Alleenheerser/Outokratiese heerser
- Diktator
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 1) (1)

1.1.5 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Tsaar se weermag het op die betogers gevuur
- Tsaar se weermag baie ongewapende betogers dood geskiet
- Hy het die protes gewelddadig onderdruk
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.6 *[Vlak 3: vooroordeel, betroubaarheid en nut van die bronne]*

- Tsaar het ŉ parlement/Duma ingestel
- Politieke gevangenes is vryheid gegee
- Politieke partye en vakbonde is gewettig
- Sensuur was opgehef
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.7 *[Vlak 3: Vooroordeel, betroubaarheid en nut van die bronne]*

- Dit is ŉ primêre bron
- Dit was die direkte woorde van die leier van die optog
- Dit is ŉ eerstehandse weergawe van die gebeurtenis
- Gebeure kan bevestig word met ander historiese bewyse
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Eerbiedig haar verbintenis tot die Drievoudige Entente
- Om Serwië teen Oostenryk te help
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 1) (1)

1.2.2 *[Vlak 1: Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Tannenberg
- Augustovo (Enige 2 x 1) (2)

1.2.3 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Troepe was ondervoed
- Troepe was swak toegerus
- Troepe het geen ammunisie gehad nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)

1.2.4 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Russe blameer die tsaar vir hul lyding
- Tsaar het ongewild geword
- Gelei tot groot stakings wat deur die tsaar se weermag ondersteun is
- Tsaar was gedwing om te abdikeer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)

1.2.5 *[Vlak 3: Interpretasie en evaluering van inligting en data uit die bronne]*

- Voedseltekorte in Rusland
- Voedselpryse gestyg (inflasie)
- Toename in lewenskoste
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.6 *[Vlak 2: Vergelyking van inligting in bronne]*

- Voedseltekorte in visuele bron – troepe ondervoed in geskrewe bron
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.3 1.3.1 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Hulle het voortgegaan met die oorlog teen die geallieerde magte
- Hulle het nie brood/kos aan die mense voorsien nie
- Hulle het nie die grond onder die kleinboere versprei nie

- Het landhere op hul grond gelos
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)

1.3.2 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- "Vrede" – Rusland se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog moet beëindig word, om "vrede" te bring
- "Brood" – Regering moet "brood/kos" voorsien, want daar was voedseltekorte in Rusland
- "Land" – Regering moet die land herversprei na die boere
- Enige ander relevante antwoord (Enige 3 x 2) (6)

1.3.3 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Kommunisme
- Marxisme
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.4 *[Vlak 3: Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne]*

- Kapitalisme het slegs die ryk landhere bevoordeel
- Werkers is uitgebuit (ondraaglike werk)
- Werkers het armer geword
- Tsaar ondersteun uitbuiting (Bloedige Sondag)
- Tsaar het hervormings ingestel, maar die implementering daarvan was baie stadig
- Eerste Wêreldoorlog het ekonomiese probleme vererger
- Groot voedseltekorte
- Inflasie verhoog
- Werkersopstande – wou verandering meebring
- Kapitalisme het nie voldoen aan die vereistes en verwagtinge van die Russiese mense nie
- Lenin het 'n alternatief aangebied: kommunisme
- Kapitalisme het versuim om vrede te bring
- Kapitalisme het hongersnood veroorsaak
- Kapitalisme het gelei tot die oneweredig verspreiding van grond
- Enige ander relevante antwoord

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan nie oor onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Gebruik meestal relevante bewyse wat die onderwerp meestal aanspreek)<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om oor onderwerp te skryf in 'n paragraaf. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse.<br>• Gebruik die bewyse effektief om 'n georganiseerde paragraaf te skryf wat 'n totale begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6 – 8** |

## VRAAG 2: TOT WATTER MATE HET DIE NUWE BEDELING DIE KAPITALISTIESE BEGINSELS TEENGESTAAN?

2.1 2.1.1 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Kapitalisme
- Privaat eienaarskap van besighede
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Die Groot Depressie (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Vlak 1: Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Werk in die nasionale woude
- Ontwikkeling van water weg projekte (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Vlak 3: Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne]*

- Stem saam: Die regering se verantwoordelikheid om te kyk na sy mense.
- Mense het gestem vir hierdie regering.
- Enige ander relevante antwoord
- Stem nie saam nie: Regering moet nie inmeng in besigheid nie.

(Enige 1 x 2) (2)

2.1.5 *[Vlak 2: Vergelyk inligting in bronne]*

- Standpunt 1 teen die regering se ingryping in besigheid
- Standpunt 2 ten gunste van ingryping deur die regering in besigheid
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Vlak 1: Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Banke was onbevoeg.
- Banke was oneerlik.
- Banke was betrokke by spekulasie op die aandelemark.
- Banke het onwyse lenings toegestaan.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 3 x 1) (3)

2.2.2 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Die meeste Amerikaners het radio's gehad
- Baie mense werkloos – kan nie bekostig om koerante te koop nie
- Min mense het toegang tot televisie gehad
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Banke was ondersoek
- Slegs banke wat finansieel gesond was is heropen
- Voorsiening van bankkapitaal was verhoog
- Deposito's van beleggers is gewaarborg
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Ouderdomspensioen
- Versekering teen werkloosheid
- Kindersorg-welsyn is verskaf
- Finansiële bystand vir die armes is voorsien
- Het gesondheidsvoordele aangebied
- Enige ander relevante antwoord (Enige 3 x 1) (3)

2.3.2 *[Vlak 3: Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne]*

- Sal die SSA teenstaan
- Te veel ingryping deur die staat
- Laat kollektiewe bedinging deur vakbonde toe
- Mense het afhanklik van regering-subsidies geraak
- Maatskappye het geweier om werkers voordele te betaal
- SSA was teen kapitalistiese beginsels
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Vlak 1: Onttrekking van bewyse uit bron]*

- 8 state (1 x 1) (1)

2.4.2 *[Vlak 1: Onttrekking van bewyse uit bron]*

- 19 damme (1 x 1) (1)

2.4.3 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Werksgeleenthede was geskep
- Landbou het verbeter
- Vloede voorkom
- Elektrisiteit opgewek vir nywerhede
- Miljoene bome geplant
- Die lewensomstandighede van miljoene mense is verbeter
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)
-

2.5 2.5.1 *[Vlak 2: Interpretasie van bronne]*

- Nasionale Herstel Administrasie (National Recovery Administration) (1 x 1) (1)

2.5.2 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Dit verhoog die lone van werkers
- Stabiliseer pryse
- Kodes ingestel wat werksure bepaal het
- Stel minimum lone vas
- Verbied kinderarbeid
- Stel beperkings op produksie om oorproduksie te voorkom
- Enige ander relevante antwoord (Enige 3 x 1) (3)
-

2.5.3 *[Vlak 2: Interpretasie van bronne]*

- Maatskappye wat voldoen aan industriële kodes het hierdie simbool vertoon
- Die publiek was aangemoedig om hierdie maatskappye te ondersteun
- Dit skep harmonie tussen die werkgewer en werknemer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Vlak 3: Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne]*

- Gewone mense was die meeste geraak deur die Groot Depressie
- Gewone mense verloor hul huise, werk en woon in armoede
- Roosevelt was ten gunste van ingryping deur die regering om armoede te verlig.
- Hoover was teen die regering se ingryping in die ekonomie
- Roosevelt verkoop sy idees oor die radio en kry die ondersteuning van die mense
- Roosevelt verskaf werk om werkloosheid te verlig
- Roosevelt heropen die bankstelsels
- Hy begin die TVA om werk te skep en die lewens van miljoene mense te verbeter
- Die TVA het elektrisiteit geproduseer wat die lewens van miljoene verbeter het
- Hy stel kodes tussen werkgewer en werknemer op om gesonde sakepraktyk te verseker
- Met sy Sosiale Versekeringswet (*Social Security Act)* het hy gewone werkers teen werkloosheid beskerm
- Met sy Sosiale Versekeringswet (*Social Security Act)* het hy bejaardes voorsien van ouderdomspensioene
- Sy Sosiale Versekeringswet (*Social Security Act)* het die siekes ook gehelp
- Lewens van gewone mense het verbeter as gevolg van sy Nuwe Bedeling
- Enige ander relevante antwoord (8)

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | Gebruik bewyse op ŉ elementêre manier.<br>Gebruik bewyse gedeeltelik om oor ŉ paragraaf onderwerp te skryf of kan nie oor onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | Gebruik meestal relevante bewyse wat die onderwerp meestal aanspreek.<br>Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om oor onderwerp te skryf. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | Gebruik relevante bewyse.<br>Gebruik die bewyse effektief om ŉ georganiseerde paragraaf te skryf wat ŉ totale begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6 – 8** |

**VRAAG 3: HOE HET DIE IDEES VAN SOSIALE DARWINISME GELEI TOT DIE SKENDING VAN MENSEREGTE IN DUITSLAND?**

3.1 3.1.1 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Oorlewing van die sterkste
- Spesies wat aanpas by hul omgewing het ŉ beter kans op oorlewing
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Vlak 1: Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Ariese
- Enige ander relevante antwoord (1 x 1) (1)

3.1.3 *[Vlak 1: Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Jode was die laagste rang van die Semitiese ras
- Jode sal die Ariese ras besoedel
- Jode sou ŉ ramp oor die Ariese ras bring
- Hulle was geblameer vir swaarkry
- Hulle was geblameer vir die groot oorlogskuld
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)

3.1.4 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Verbied gemengde huwelike
- Verbied inter-rassige seksuele verhoudings
- Sterilisasie
- Gedwonge verskuiwing van diegene wat as "ongeskik” beskou was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.1.5 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Sigeuners (*Gypsies*)
- Homoseksuele
- Kommuniste
- Enige ander relevante antwoord (Enige 3 x 1) (3)

3.2 3.2.1 *[Vlak 1: Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Ster van Dawid
- Jode se grootste vyand
- Pasop vir die Jood
- Jode was verkleineer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Kwaad
- Verneder
- Dat daar teen hulle gediskrimineer is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Vlak 3: Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne]*

- Nee (1 x 1) (1)
- Daar is steeds haat teen die Jode in die kontemporêre wêreld
- Jode nog steeds geblameer vir probleme wat bestaan in die samelewing.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2.4 *[Vlak 3: Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne]*

- Gebaseer op indoktrinasie
- Gebaseer op diskriminasie
- Gebaseer op propaganda
- Anti-Semitisme
- Om die Nazi-beleid te bevorder
- Bevordering van Ariese ras
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Vlak 1: Onttrekking van bewyse uit bron]*

- In die kop geskiet
- Lyfstraf
- Aangeval deur honde
- Lewendig begrawe
- Harde arbeid
- Enige ander relevante antwoord (Enige 3 x 1) (3)

3.3.2 *[Vlak 3: Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne]*

- Slagoffers was getraumatiseerd
- Geleef het in konstante vrees
- Geleef het in ŉ staat van onsekerheid
- Hulpeloosheid
- Slagoffers bang is om in opstand te kom.
- Om opstande te voorkom.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.3 *[Vlak 2: Die interpretasie van bronne]*

- Verloor hul menslikheid
- Hulle het onmenslik geword
- Brutaliteit het hulle sielkundig aangetas
- Slapelose nagte/nagmerries
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)

3.3.4 *[Vlak 2: Vergelyk inligting in bronne]*

- Toon die brutaliteit van die straf
- Toon die onmenslike behandeling
- Toon die harde arbeid soos in die geskrewe bron verwys word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.4 3.4.1 *[Vlak 2: Verduidelik historiese konsepte]*

- Massamoord van die Jode
- Volksmoord
- Uitwissing van die Jode
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.4.2 *[Vlak 1: Onttrekking van bewyse uit bron]*

- 100 of 500 of 1 000 lyke lê langs mekaar.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.4.3 *[Vlak 2: Vergelyk inligting in bronne]*

- Nee – daar is geen bewyse dat die Jode ŉ bedreiging vir hulle was nie.
- Jode was ŉ minderheidsgroep in Duitsland
- Hitler se aanspraak dat die Jode verantwoordelik was vir die Duitse lyding gedurende WO1 was ongegrond.
- Jode was weerloos.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Vlak 3: Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne]*

- Geen vryheid van keuse/beweging
- Geen vryheid van uitdrukking
- Geen vryheid van godsdiens
- Geen vryheid van assosiasie
- Geen toegang tot gelyke onderwys
- Die reg om beskerm te word
- Onderwerp aan gedwonge arbeid
- Geen regverdige verhore
- Geen behoorlike gesondheidsorg
- Reg om te lewe
- Gedwonge verskuiwings/dwang
- Die reg op voedsel en water
- Enige ander relevante antwoord (8)

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre manier<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om ŉ paragraaf oor onderwerp te skryf of kan nie oor onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Gebruik meestal relevante bewyse wat die onderwerp aanspreek.<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om oor onderwerp te skryf. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse<br>• Gebruik die bewyse effektief om ŉ georganiseerde paragraaf te skryf wat ŉ totale begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6 – 8** |

## VRAAG 4

4.1 *[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

- Posisie van kleinboere (armoede) teen 1905
- Kleinboere ongeletterd en ongeleerd
- Posisie van stedelike werkers (uitbuiting) deur 1905
- Stedelike werkers uitgebuit
- Kapitaliste floreer en het groot winste
- Grondeienaars besit die land en beïnvloed die tsaar
- Outokratiese leierskap van die tsaar
- Die Russies-Japanese oorlog van 1904
- Bloedige Sondag – 1905
- Die impak van die Eerste Wêreldoorlog
- Die invloed van Rasputin
- Mislukking van die Voorlopige Regering
- Bolsjewiste die mag te gryp **[50]**

**OF**

4.2 *[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

- Implementering van die kommunistiese beginsels na die bewindsoorname
- Die burgeroorlog tussen die Wittes en Rooies
- Implementering van Oorlogskommunisme
- Die rol van die Tsjeka en Trotsky in Rooies se oorwinning
- Gevolge van oorlogskommunisme op die Russiese mense
- Kronstadt-rebellie
- Die Nuwe Ekonomiese Beleid – Definisie en beskrywing
- Implementering van NEB in Landbou – Koelakke
- Implementering van NEB in Industries – Neb-manne
- NEB en buitelandse handel
- NEB en bankstelsel – bekendstelling van krediet
- Belangrikheid van die NEP **[50]**

## VRAAG 5

5.1 *[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

- Die gevolge van die Groot Depressie
- Roosevelt se bewindsoorname
- Roosevelt se "fireside chats" /"gesprekke rondom die vuur"
- Probleme van surplusproduksie in die landbou
- Die *Agricultural Adjustment Act*
- AAA verminder oorskotte en oorproduksie
- Boere het oeste vernietig en dood vee
- Mense gekritiseer dit tydens 'n tyd van groot armoede
- Die *Farm Credit Administration* – het lenings aan boere toegestaan
- Tennessee Valley Authority – skep werk
- Tennessee Valley Authority – voorsien elektrisiteit

- Tennessee Valley Authority – herstelde landerye
- Tennessee Valley Authority verbeter die lewens van miljoene
- Noodlenigingswet Administrasie – werk geskep
- Burgerlike Conservation Corps (CCC) –werk geskep
- Openbare Werke Administrasie – werk geskep vir groot openbare werke-projekte
- Siviele Werke Administrasie – werkgeleenthede geskep, bv. instandhouding van paaie en parke
- Die Nasionale Herstel Administrasie (National Recovery Administration) – verhoog lone en stabiliseer pryse
- Kodes is opgestel vir elke bedryf
- Werksure en minimum lone is opgestel
- Publiek aangemoedig om "Blue Eagle" maatskappye te ondersteun
- Die Wagner Wet – vakbonde toegelaat en kollektiewe bediging erken
- Sosiale Versekeringswet (*Social Security Act)* – werkloosheidsversekering, ens. **[50]**

5.2 *[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

- Landbou: Na die oorlog was boere opgesaal met surplus produkte, want Europa het weer geproduseer weer.
- Boere kon nie lenings betaal nie – dank werkers af en was verwoes.
- Isolasie Beleid: VSA hoë tariewe op ingevoerde goedere gehef; ander lande het dieselfde gedoen.
- VSA maatskappye kon nie hul oorskotte in die buiteland verkoop nie.
- Oorspekulasie: Gewone mense is toegelaat om aandele op krediet te koop
- Dit het pryse verhoog – toe aandeelpryse daal het paniek verkope gevolg en aandele het waardeloos geword.
- Spekuleerders, banke en beleggers is finansieel geruïneer
- Oor-produksie: Meer goedere was geproduseer as wat mense kon bekostig om te koop.
- Fabrieke verlaag pryse – het kleiner winste, en werkers afgelê/afgedank.
- Maklike krediet en spandabelrigheid: Advertering en huurkoop het mense aangemoedig om te koop/spandeer.
- Mense koop bokant hul vermoë om te betaal.
- Banke het onwyse lenings aan publiek aangebied vir spekulasie.
- Trusts: reuse firmas oorheers die besigheidswêreld deur die vorming van trusts
- Hulle het lone laag gehou en pryse hoog
- Dit het die vraag na verbruikersgoedere onderdruk omdat mense nie kon bekostig om produkte te koop nie
  DIE GEVOLGE
- Werkloosheid: teen 1933 werkloosheid staan op 16 miljoen
- Daar was geen versekering vir diegene wat hul werk verloor het nie.
- Broodlyne en sopkombuise het ŉ algemene verskynsel geword.
- Dakloosheid: werkloses kon nie lenings betaal nie, en het hul huise verloor.
- Hulle het skuilings opgerig en dit Hoovervillies genoem
- Die sluiting van die banke: banke nie in staat is om beleggers te betaal nie
- Beleggers onttrek geld en banke was gedwing om te sluit. **[50]**

**VRAAG 6**

*[Herroeping, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

- Sosiale Darwinisme beweer dat daar ŉ hiërargie van menslike spesies in rasse
- Sosiale Darwinisme glo nie in die beginsel van gelykheid van alle mense nie
- Sommige mense is biologies beter/meerderwaardig as ander
- Die sterkste of fiksste moet oorleef en floreer in die samelewing
- Die swakkes en onbevoegdes moet toegelaat word om uit te sterf
- Sogenaamde “wit beskaafde”industriële nasies met hul tegnologies gevorderde wapens het die morele reg gehad om die" wrede swartes' van die wêreld te verslaan en te verwester (beskaaf te maak)
- Sosiale Darwinisme is gebruik om imperialisme, kolonialisme, rassisme en armoede te regverdig
- Die inheemse of ‘eerste mense’ van Australië is “Aborigines” deur die Britse setlaars genoem
- Soos alle ander samelewings, het hul tegnologie, kos en jagpraktyke gewissel volgens die plaaslike omgewing
- Hulle is ontneem van hul land en het in baie groot getalle gesterf.
- Die Britse begin sy besetting en kolonisering van Australië in 1788
- Inheemse gemeenskappe het die setlaars teengestaan
- Hulle het hul grond verloor
- Darwinisme het die Aborigenes geklassifiseer as onwaardige/minderwaardig
- Aborigenes behandel soos eksperimentele diere
- Kinders van gemengde Aboriginale en Europese afkoms is as “basters” en ŉ bedreiging vir die sogenaamde "rassuiwerheid” beskou
- ŉ Beleid op grond van eugenetika teorie het hierdie kinders weggeneem van hul ouers om die “swartheid” uit hulle te teel
- Tussen 1910 en 1970 is tot 100 000 Aboriginale kinders met geweld van hul families geneem
- Die ‘assimilasie-program’ is ingestel om diegene van gemengde afkoms uit te skakel
- Hierdie kinders word dikwels na verwys as die "gesteelde generasies”
- ŉ Nasionale ondersoekspan is in 1995 gestig en het bevind dat gewelddadige verwydering van die inheemse kinders ŉ growwe skending van menseregte was
- Dit was rassediskriminerende en ŉ daad van volksmoord **[50]**

**TOTAAL: 150**